

# 2

## EK EN ANDER MENSE

# Dit maak nie saak of jy 'n Jood of 'n Griek is nie

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God alle mense liefhet en wil red.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die kinders moet weet dat –

- deur God se Woord te verkondig, kan mense tot geloof kom.
- God elke mens op aarde wil red.
- almal wat in Jesus Christus glo, gered word.

#### Gesindheid

- Hulle mag nie onderskeid maak oor wie gered kan en wie nie gered kan word nie.

#### Vaardigheid

- Hulle moet God se Woord aan alle mense help verkondig.

### MEER INLIGTING (Romeine 10: 11-17)

Van kleins af vertel ouers hulle kinders van God. Ouers en kinders gaan gereeld kerk toe. Kinders woon die katekeselesse by. Hulle lees gereeld hulle Bybels. Hulle hoor gereeld dat hulle gered word as hulle in Jesus glo.

Deur al die preke en al die katekeselesse laat die Heilige Gees hulle glo dat God hulle liefhet en dat hulle gered is. Ja, 'n mens begin in die Here glo omdat jy van Hom gehoor het. Dit is hoe mense begin glo – omdat mense hulle vertel het dat die Here hulle liefhet en hulle wil red.

Dit is belangrik om te weet: God het nie net sekere mense lief nie. God het ook nie net die mense naby aan ons en die mense wat soos ons is, lief nie. Nee, God het alle mense op aarde lief en wil alle mense red.

Die Bybel leer ons dat God alle mense ewe lief het. Hy maak nie onderskeid tussen mense nie. God het nie net vir party mense in sy koninkryk plek gemaak nie. Nee, Hy wil elke mens op aarde red. Hy wil hê dat elke mens in Hom moet glo en vir altyd by Hom moet wees.

Maar onthou: Dit is die Heilige Gees wat 'n mens laat glo wanneer jy van die Here hoor. Iemand moet op die een of ander manier vir jou vertel van die Here deur te preek, of jou te katekiseer of deur Bybelstudie. 'n Mens kan tog nie in God glo as jy niks van Hom weet nie.

Ons almal se plig is om ander mense van Jesus te vertel. Ons almal ken sekerlik iemand wat nie in die Here glo nie. Dalk 'n maat wat nie die Here ken nie, of iemand wat in ons huis of ons tuin of in die kafee of winkel werk. Dit kan mense wees wat nie dieselfde taal as ek praat of dieselfde kultuur as ek het nie, en baie ander. Ons moet elke geleentheid gebruik om met ander mense oor die Here te praat. Tog is daar van ons wat nie maklik met iemand anders kan praat nie. Dit is nie net deur te praat dat ons ander van die Here kan leer nie. Net die manier waarop ons lewe – met vriendelikheid, geduld, pligsgetrouheid, deur lief te wees vir ander, deur ander te help – kan ons ander mense oorreed om ook soos ons te wees. As hulle uitvind dat ek goeie dinge doen omdat ek 'n kind van die Here is, sal hulle ook sy kinders wil wees.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Vir elke kind 'n dubbelgevoude A4-karton met vorms en teksverse soos aan die einde van die les.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Vra vir die kinders waarvoor hulle wil hê dat jy moet bid, en bid dan daarvoor.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Kontroleer of hulle die tuisopdrag gedoen het. As jy elektronies iets van hulle ontvang het, lees dit voor en bespreek dit kortliks. 'n Paar van hulle kan ook die geleentheid kry om daarvan te vertel.

Laat hulle die volgende vrae beantwoord:

- Wie was 'n profeet in die tyd toe Juda in ballingskap was? *Jesaja.*
- Wat het Jesaja vir die mense gesê om te doen? *Hulle moet terugkeer na God toe.*
- Wat het met die volk gebeur omdat hulle ongehoorsaam was? *Hulle is as ballinge weggevoer na die land van die Assiriërs toe.*
- Hoe weet Jesaja dat God sy volk steeds liefhet? *Want Hy het elkeen by die naam geroep.*
- Wat sal God uit genade aan die volk gee? *Die Here sal hulle genadig wees en die land aan hulle teruggee.*
- Hoe weet ons dat God se genade groot is? *Ons kry goed waarvoor ons nie gewerk het nie en ook nie verdien nie.*

- Wat kry ons as ons gedoop word? *As ons gedoop word, kry ons naas ons geregistreerde naam en van ook 'n ekstra "naam", "Kind van God". Dit beteken dat ek aan die Here behoort.*
- As God ons aangeneem het, kan ons dan weer uit sy hand geruk word? *Niemand kan God se kinders uit sy hand ruk nie.*
- Wat beteken die Doop? *Die Doop is 'n teken wat jy ontvang wat beteken jy is die Here s'n.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Sommige mense hou nie daarvan as hulle hoor dat God alle mense liefhet nie. Tog is dit so, want God het alle dinge op die aarde gemaak. Omdat ons die meeste van die tyd tussen ons eie mense beweeg en weet wat om van hulle te verwag, dink ons skaars aan ander. Tog sê die Here duidelik in die Bybel dat Hy nie onderskeid maak tussen mense nie. God het almal lief.

### **IETS INTERESSANT**

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

### **IETS BELANGRIK**

Lees Romeine 10: 8c-19.

Beklemtoon verse 11-13. Lees dit weer:

*Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie. <sup>12</sup>Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, <sup>13</sup>want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

### **IETS OM TE DOEN**


Laat hulle na die beste van hulle vermoë die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle hulle antwoorde lees, en help hulle reg waar nodig.

- Waar hoor ons van kleins af van God? *By ons ouers, by die kerk met preke, in katkisasie, met Bybelstudie, met huisbesoek.*
- Gee God net om vir sekere mense? *Nee, God het alle mense lief.*
- Maak dit vir God saak aan watter kultuurgroep 'n mens behoort en watter taal jy praat? *Nee, God het almal lief en wil almal red.*
- Kan 'n mens in Jesus Christus glo as jy nog nooit van Hom gehoor het nie? *Nee, iemand moet jou daarvan vertel.*
- Wat is ons plig as kinders van die Here? *Om die evangelie aan al die mense en oor die hele wêreld te versprei.*
- Wat anders behalwe dat jy dit met jou mond sê, kan jy doen om God se liefde en trou uit te dra? *Deur 'n voorbeeld te wees vir ander mense – jou lewe moet getuig dat Jesus in jou bly.*


Omkring elke derde letter in die blok om te sien watter boodskap hier weggesteek is, en skryf dit neer.

Romeine 15: 17

*In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God verrig.*

Begin hier 

A	B	(I)	C	D	(N)	F	G	(C)	H	I	(H)
J	K	(R)	L	M	(I)	N	O	(S)	P	Q	(T)
R	S	(U)	T	U	(S)	V	W	(J)	X	Y	(E)
Z	A	(S)	B	C	(U)	D	E	(S)	F	G	(I)
H	I	(S)	J	K	(E)	L	M	(K)	N	O	(T)
P	Q	(R)	S	T	(O)	U	V	(T)	W	X	(S)
Y	Z	(O)	A	B	(P)	C	D	(W)	E	F	(A)
G	H	(T)	I	J	(E)	K	L	(K)	M	N	(I)
O	P	(N)	Q	R	(D)	S	T	(I)	U	V	(E)
W	X	(N)	Y	Z	(S)	A	B	(V)	C	D	(A)
E	F	(N)	G	H	(G)	I	J	(O)	K	L	(D)
M	N	(V)	O	P	(E)	Q	T	(R)	U	V	(R)
W	X	(I)	Y	Z	(G)						

Eindig hier 

## BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

### DOEN

Gee vir elke kind 'n dubbelgevoude A4-karton. Laat die kinders tuis 'n kaartjie maak met die A4-karton vir een van die siekes wat hulle volgende week gaan besoek. Laat hulle saam met hulle ouers 'n gepaste teksvers van bemoediging uit die Bybel kies en dit in die kaartjie neerskryf.

### LEER

- Laat hulle die volgende tuis gaan leer:

Vrae	Antwoorde
Waar leer ons van kleins af van God?	By ons ouers, by die kerk met preke, in katkisasie, met Bybelstudie, met huisbesoek.

Hoekom kan mense in die kerk maklik glo?	Want hulle hoor dikwels van God, en die Heilige Gees help hulle om sy Woord te verstaan.
Gee God net om vir sekere mense?	Nee, God het alle mense lief.
Maak dit saak aan watter kultuurgroep 'n mens behoort en watter taal jy praat?	Nee, God het almal lief en wil almal red.
Kan 'n mens in Jesus Christus glo as jy nog nooit van Hom gehoor het nie?	Nee, iemand moet jou daarvan vertel.
Wat is ons plig as kinders van die Here?	Om die evangelie te deel met al die mense oor die hele wêreld.
Wat anders behalwe dat jy dit met jou mond sê, kan jy doen om God se liefde en trou uit te dra?	Deur 'n voorbeeld te wees vir ander mense – jou lewe moet vertel dat Jesus in jou bly.

- Laat hulle Romeine 15: 17 memoriseer: *In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God verrig.*

#### **Belangrike nota vir die kategeet**

- Gee vir elke kind 'n vrywaringsbriefie wat hulle ouers moet teken dat hulle siekes mag gaan besoek.
- Tref 'n reëling oor die verwagte tyd wanneer julle volgende Sondag weer by die kerk terug gaan wees, en laat die kinders dit in hulle boeke neerskryf.

#### **AFSLUITING**

Sluit af met Geasng 282: 1, 4 en 6 as gebed:

*Terwyl ons bid vir elke volk  
deur U op aard' geplant,  
hóór ons, o Heer, wanneer ons bid  
vir hierdie dierbaar land.*

*Behou dan almal wat hier woon  
in liefde tot mekaar,  
en laat geregtigheid dié band  
van eenheid steeds bewaar.*

*O Heer van nasies, aan u sorg  
wil ons ons toevertrou;  
ons wil die toekoms op u Woord  
en u beloftes bou. Amen.*